## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 A slegs veranderlike ✓✓
1.1.2 B homogeen ✓✓
1.1.3 C daar is geen naby substitute nie ✓✓
1.1.4 A maksimum ✓✓
1.1.5 A Johannesburg-beraad ✓✓
1.1.6 B uitgaande ✓✓
1.1.7 B bewaring ✓✓
1.1.8 C Suid-Afrikaanse Toerisme ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 I werklike besteding van 'n besigheid, byvoorbeeld lone en rente ✓
1.2.2 C waar MK = GVK ✓
1.2.3 D as 'n groep produsente 'n kollektiewe monopolie vorm ✓
1.2.4 F markprys = marginale inkomste✓
1.2.5 A lei tot 'n groei in toerisme ✓
1.2.6 B vliegtuiggeraas ✓
1.2.7 G mense wat in hulle eie lande reis ✓
1.2.8 E beheer deur instansies wat deur die staat daargestel is ✓ (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE EEN TERM

1.3.1 Normale wins ✓
1.3.2 Marginale koste ✓
1.3.3 Pareto-doeltreffendheid / Pareto optimal / Pareto ✓
1.3.4 Inflasie ✓
1.3.5 Inheemse Kennisstelsels / IKS ✓
1.3.6 Hiperinflasie ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

Kopiereg voorbehou 

DEPARTMENT OF EDUCATION
2014 -11- 20
PRIVATE BAG X 110
PUBLIC EXAMINATIONS

## AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

## VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE

2.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

2.1.1 **Noem TWEE kenmerke van monopolistiese mededinging.**

- 'n Groot aantal produsente wat aktief aan die mark deelneem ✓
- Die aard van die produk is gedifferensieerd ✓
- Toe- len uittrede van die mark is vry (relatief maklik) ✓
- Besighede het min beheer oor die prys van die produk ✓
- Inligting is onvolledig vir beide koper en verkoper ✓
- Nie-prys mededinging en handelsmerke speel 'n belangrike rol in monopolistiese mededinging ✓ (2 x 1) (2)

Aanvaar enige ander korrekte kenmerk.

2.1.2 **Wat sal gebeur as een besigheid in die volmaakte mark besluit om sy verkoopprys te verhoog?**

Die besigheid sal nie in staat wees om enige eenhede te verkoop nie te wyte aan die hoë vlakke van mededinging / en die markprys sal onveranderd bly/nie in staat om enigiets te verkoop nie omdat hy nie in staat is om die markprys te beïnvloed nie / die firma sal uit besigheid gestel word ✓✓

Aanvaar enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.2 **Datarespons**

2.2.1 **Verduidelik die term *tol*.**

Tol is 'n *betaalstelsel* op sekere hoofweë / paaie of parkeer areas / fooi / belasting ✓✓ (2)

2.2.2 **Watter metode kon die owerheid gebruik om te verseker dat die ingebruikstelling van tolpaaie die beste besluit was?**

Koste-voordeel-analise / KVA / marknavorsing / vraelyste / SWOT ontleding / impakstudies / omgewingstudies / positiewe en negatiewe aspekte moes oorweeg gewees het / breë openbare deelname van die publiek / die publiek was nie genader ✓✓

Aanvaar enige ander relevante metode (2)

2.2.3 **Hoe kan tolpaaie tot markmislukking lei?**

- Maatskappye kan die addisionele koste oorskuif op die verbruikers/hoër produksiekoste ✓✓
- Dit kan lei tot 'n verlaagde uitset/aanbod ✓✓
- Massa-aksies teen e-tol kan die vloei van goedere en mense negatief beïnvloed – die normale verloop van die ekonomie kan verstoor word✓✓
- Aanvaar enige ander relevante argument (2)

2.2.4 **Argumenteer <u>ten gunste</u> van die implementering van tolpaaie.**

- Bron van inkome vir die provinsie (owerheid) ✓✓
- Deurlopende/konstante inkome om paaie en infrastruktuur te onderhou ✓✓
- Werkverskaffing ✓✓

Aanvaar enige positiewe antwoord ten opsigte van die verbruikers, besigheid, staat en buitelandse beleggers. (2 x 2) (4)

2.3 **Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat volg.**

2.3.1 **Dui die winsmaksimeringspunt van die monopolis aan.**

MI=MK / c ✓ (1)

2.3.2 **Hoeveel eenhede sal by die wins maksimeringspunt geproduseer word?**

100 ✓ (1)

2.3.3 **Bepaal of die besigheid 'n ekonomiese wins of ekonomiese verlies mak. Toon ALLE berekeninge.**

Totale Inkomste: 6 x 100 = 600 ✓
Totale Koste: 4 x 100 = <u>400</u> ✓

Wins = Totale Inkomste – Totale koste
= 600 - 400
= <u>200</u> ✓

**OF** 6 – 4 ✓= 2 X 100 ✓
= 200 ✓

Die besigheid maak 'n <u>**ekonomiese wins**</u> ✓ (4)
Aanvaar 'n grafiese voorstelling (maks 2)

2.3.4 **Watter gunstige toestande kan die monopolis in vergelyking met ander markstrukture geniet?**

- Die monopolis is die enigste verskaffer van daardie spesifieke produk ✓✓
- Hy geniet die vryheid om sy eie pryse vas te stel / stel hoër pryse ✓✓
- Besluit op produksievlakke / beperk sy uitset ✓✓
- Beskerming deur wetgewing ✓✓
- Beskerming deur hindernisse teen toetrede ✓✓
- Gunstige geografiese gebied ✓✓
- Produseer nie teen die laags moontlike koste nie ✓✓
- Die monopolie is die swakste toedeler van beskikbare hulpbronne en volmaakte mededinging is die mees doeltreffende mark in die toedeling van hulpbronne ✓✓

Aanvaar enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 20
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

2.4 **Verduidelik hoe die onbeweeglikheid van produksiefaktore tot markmislukking kan lei.**

- Markte is nie in staat om onmiddellik op verbruikersvraag te reageer nie indien die produksiefaktore nie kan reageer en maklik beweeglik is nie ✓✓
- Hulpbronne neig nie om baie beweeglik te wees nie en pas nie maklik by 'n veranderde verbruikersvraag aan nie ✓✓
- Arbeiders mag tyd neem om te beweeg na nuwe beroepe en geografiese gebiede ✓✓ bv. familiebande, vriende, gerief, skole ✓✓
- Ongeskoolde arbeid is nie in staat, bereid of het die tyd of geld om die nodige vaardighede te bekom nie – dit veroorsaak werkloosheid of indiensneming teen lae salarisse ✓✓
- Fisiese kapitaal kan nie maklik beweeg word na plekke waar dit benodig word nie ✓✓ bv. fabrieksgeboue en ander infrastruktuur ✓✓
- Dit neem lank vir nywerhede om aan te pas by verandering in tegnologiese / strukturele veranderinge ✓✓ bv. Rekenaar geondersteunde produksie (Enige 4 x 2) (8)

Aanvaar enige ander relevante voorbeelde.

2.5 **Verduidelik hoe SASOL in 'n oligopolistiese mark met ander maatskappye in Suid-Afrika wat petrol verkoop, kan meeding.**

SASOL sal hom wend tot nie-prys kompetisie ✓✓ deur op die volgende te fokus:

- Adverteer en bemarking ✓ bv. televisie en radio ✓
- Addisionele dienste ✓ bv. geriefswinkels ✓
- Vestiging van 'n sterk handelsmerk ✓ SASOL embleem ✓ bv. Brandstof vir skoner enjin ✓
- Vriendelike personeel ✓ bv. Bied addisionele dienste soos die kontrolering van banddruk ✓
- Skoon toiletgeriewe✓ word gereeld skoongemaak / addisionele dienste bv. Babakamer ✓
- Kompetisies ✓ bv. wen 'n motor ✓
- Lojaliteitsbeloning aan klante ✓ bv. maak die motor vol vir 'n sekere bedrag, kry 'n gratis enjin-was ✓
- Werk in vennootskap met ander besighede ✓ bv. kitskos aanlegte ✓
- Adverteer ✓ met en in samewerking met ander besighede ✓
- Rekeninghouers ✓ sekere maatskappye laat rekeninghouers toe om voertuie vol te maak en eers die einde van die maand te betaal ✓

Aanvaar enige ander relevante antwoord. (Enige 4 x 2) (8)

**[40]**

PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

3.1.1 **Noem TWEE voorbeelde van Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika.**

- Mapungubwe ✓
- Die Vredefort-koepel ✓
- Die Sterkfonteingrotte / Die wieg van die mensdom ✓
- Robben-eiland ✓
- Richtersveld-kultuur- en botaniese landskappe ✓
- ISimangiliso-vleilandpark✓ /Groter St. Lucia-vleilandpark ✓
- Die Kaapse fynbosstreek ✓/Tafelberg ✓/Agulhas Nasionale Park ✓
- Ukhahlamba Drakensbergpark ✓ (Enige 2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe kan toerisme die lewens van arm mense naby toeriste-bestemmings beïnvloed?**

- Werkverkryging ✓✓
- Verkoop goedere en dienste aan toeriste ✓✓

Aanvaar enige ander positiewe of negatiewe argument bv. dwelmhandel en prostitusie, toename in misdaadsyfers, besoedeling, lei tot die styging van binnelandse pryse.
Aanvaar enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.2 3.2.1 **Wat word hulpbronne wat vervang kan word, genoem?**

Hernubare hulpbronne ✓✓ (2)

3.2.2 **Wat dink jy is die doel van die viering van 'Aarde-uur'?**

Mense moet meer bewus gemaak word van die rol wat produksie van elektrisiteit of brandstof speel in omgewingskade / bespaar energie / maak mense bewus van die vernietigende effek van olie,steenkool en gas ✓✓
Aanvaar enige ander relevante opinie. (2)

3.2.3 **Hoe kan mense vervoerbrandstofverbruik verminder om die omgewing in stand te hou?**

- Gebruik ander tipes vervoer wat 'n groot aantal passasiers dra soos treine en busse ✓✓
- Gebruik saamryklubs/ry in groepe ✓✓
- Stap✓✓
- Gebruik fietse ✓✓
- Gebruik energiedoeltreffende voertuie bv. hibriede motors ✓✓

Aanvaar enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

EDUCATION
2014 -11- 20
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

3.2.4 **Na jou mening, hoekom word daar na niehernubare hulpbronne as 'vuil' verwys.**

- Wanneer verbrand, produseer dit kweekhuisgasse ✓✓
- Nie-hernubared hulpbronne veroorsaak besoedeling ✓✓
- Dit sal die osoonlaag / omgewing beskadig ✓✓
- Wat sal lei tot aardverwarming ✓✓
- Dit sal weer klimaatsverandering veroorsaak ✓✓

Aanvaar enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 **Wat word onaangepaste VPI-syfers genoem?**

Hooflyn-inflasie ✓✓ (2)

3.3.2 **Hoekom is die gewigte van items in die mandjie goedere belangrik?**

Dit dui hul relatiewe aandeel / belangrikheid van die totale verbruiksbesteding die totale verbruiksbesteding op die onderskeie items aan / dit is duidelik dat kos, behuising en dienste en vervoer groter is as al die ander ✓✓ (2)

3.3.3 **Hoekom sou jy voedsel by die VPI-mandjie uitsluit wanneer kerninflasie bereken word?**

Kerninflasie sluit items uit met <u>hoogs wisselvallig</u> (aansienlike toe- en afname in pryse) / of waar dit deur <u>owerheidsinmenging</u> beïnvloed word ✓✓ (2)

3.3.4 **Lewer kommentaar op die uitwerking wat die allesomvattende VPI-indeks op die verbruiker het.**

- Die algemene VPI styg / Die allesomvattende VPI styg van 5.5 in Junie tot 6.3 in Julie✓✓
- Verbruikers het meer in Julie as in Junie vir dieselfde items/ lewenskoste het gestyg / Junie se syfer in binne die inflasie teiken mikpunte, maar Julie lê buite die inflasie teiken mikpunte, beinvloed die lewenskoste van mense negatief ✓✓
- Meet inflasie en ekonomiese groei✓✓

Aanvaar enige ander relevante impak. (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 20
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

3.4 **Bespreek die ekonomiese voordele van toerisme vir die owerheid en infrastruktuurontwikkeling.**

**Owerheid**

- Skep 'n inkomste: toerisme maak 'n direkte en indirekte bydrae tot die owerheidsinkomste deur belastings ✓✓ bv. lughawevertrekbelasting, vliegkaartjies, BTW, aksynsbelasting ✓✓
- Adverteer die ekonomie: lewer 'n buitengewone diens aan toeriste en skep 'n goeie beeld van die ekonomie ✓✓
- Skep werk en verminder armoede: veral in die informele sektor bv. Musikante ✓✓
- Dit verdien buitelandse valuta vir die land wat sy buitelandse reserwes verhoog ✓✓ bv. casino's, akkommodasie en vervoer vorm 'n baie winsgewende bron van buitelandse reserwes ✓✓
- Verhaling van eksterne koste: dit help die owerheid om koste van toeriste te verhaal wat dien as 'n vergoeding vir die verskaffing van infrastruktuur ✓✓
- Toerisme dra by tot 'n goeie beeld van die land deur uitstekende dienslewering ✓✓ bv. openbare geriewe soos storte en toilette op strande ✓✓
- Bereik sosio-ekonomiese doelwitte: bv. Swart ekonomiese bemagtiging en KMMO ontwikkeling ✓✓

(Maks 4)

**Infrastruktuur-ontwikkeling**

- Alle infrastruktuur gebou om toerisme te ondersteun is bates vir die land ✓✓ bv. inligtingsdienste ✓✓
- Inwoners en toeriste geniet voldoende en goeie instandhouding van fisiese- en basiese infrastruktuur / sosiale infrastruktuur ✓✓ soos ambulans, mediese klinieke, inligting ✓✓
- Sekuriteitsdienste en polisiedienste ✓✓ wat verskaf word vir die gebruik van toeriste is net so belangrik vir die plaaslike inwoners ✓✓
- Ekonomiese infrastruktuur is 'n prioriteit van die owerheid om toerismegroei aan te wakker ✓✓
- Meeste van die korridors het toerisme as belangrike fokus✓✓
- PPV's word gebruik om infrastruktuur te ontwikkel✓✓

Aanvaar enige ander relevante antwoord. (Maks 4) (8)

3.5 **Hoekom word nywerhede dikwels daarvan beskuldig dat hulle tot omgewings- en waterbesoedeling bydra?**

- Produksieprosesse veroorsaak dikwels besoedeling as mense blootgestel word aan afval in die omgewing ✓✓
- Besighede stort dikwels chemiese- en fisiese materiaal op land en in die water ✓✓
- Waterbesoedeling vernietig organismes wat leef in water ✓✓
- Omgewingsbesoedeling verminder die vrugbaarheid van die grond ✓✓
- Ontginning van natuurlike hulpbronne deur mynbou-aktiwiteite lei dikwels tot skade in die omgewing ✓✓
- Ontbossing vind dikwels plaas as besighede bome afkap in voorbereiding vir oprigting van nywerheidspersele ✓✓

Aanvaar enige ander relevante antwoorde. (4 x 2) (8)

**[40]**

PUBLIC EXAMINATIONS
2014 -11- 20
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001

## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

4.1 4.1.1 **Noem TWEE voorbeelde van omgewingsbewaring. verwys.**

- Ekologiese sisteem ✓
- Erfenisterrein ✓
- Inheemse woude ✓
- Vleiland ✓
- Riviermondsisteem ✓
- Belasting / subsidies / privaat eienaarskap / reserwes / grond konfiskering / bv. Weskus natuur reservaat✓

Enige ander relevante feit. (Enige 2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoe kan die verbruiker bevoordeel word deur mededinging?**

- Betaal laer pryse ✓✓
- Gelyke geleenthede vir alle verbruikers ✓✓
- Beter kwaliteit dienste ✓✓
- Hoër lewenstandaard ✓✓

Enige ander relevante feit. (Enige 1 x 2) (2)

4.2 4.2.1 **Identifiseer die tipe toerisme wat in die foto hierbo uitgebeeld word.**

Kulturele toerisme.✓ (1)

4.2.2 **Wat word daarmee bedoel wanneer Suid-Afrikaners aangemoedig word om hul eie land te verken?**

Suid-Afrikaners word aangemoedig om te reis/om 'n toeris in hul eie land te wees ✓ Bv. Sho't-left veldtog ✓ (1)

4.2.3 **Hoe sal jy verseker dat Suid-Afrika teen 2020 een van die wêreld se top-20-reisbestemmings word?**

- Internasionale toerisme behoort meer as die 10,2% in 2012 te styg ✓✓
- Toerisme behoort meer tot die BBP by te dra ✓✓
- Groter fokus op binnelandse toerisme ✓✓
- Moedig Suid-Afrikaners aan om hul eie land te verken ✓✓
- Verminder misdaad / bemarking / natuur uitstallings / infrastruktuur / bou op 'n toerisme en vriendelike omgewing / verbeterde tegnologie

Enige ander relevante feit. (Enige 2 x 2) (4)

2014 -11- 20
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

4.2.4 **Hoekom word toerisme as 'n groot werkskepper beskou? Gee voorbeelde uit jou eie gemeenskap om jou antwoord te ondersteun.**

- Toerisme is arbeidsintensief wat impliseer dat 'n groot aantal werksgeleenthede geskep word met elke eenheid kapitaal geïnvesteer ✓✓
- Bv. Die plaaslike bevolking gebruik krale en hout om juweliersware te skep ✓✓
- Toerisme gebruik baie vaardighede: van haarkappers langs die pad tot toergidse wat 'n verskeidenheid toere aan toeriste bied ✓✓
- Verskaf onmiddellike indiensneming aan plaaslike mense ✓✓
- Bv. Lewendige vermaak by Gold Reef City of Tafelberg ✓✓
- Verskaf entrepreneuriese geleenthede aan baie individue met 'n klein kapitale uitleg ✓✓ Enige ander relevante feit. (Enige 2 x 2) (4)

4.3 4.3.1 **Watter onvolmaakte markstruktuur word hierbo geïllustreer?**

Oligopolie ✓ (1)

4.3.2 **Benoem die vraagkurwe met 'n afwaartse helling hierbo.**

Geknakte vraagkurwe ✓ (1)

4.3.3 **Verduidelik hoe prysleierskap in hierdie tipe mark werk.**

- Die dominante besigheid sal 'n verandering in die prys voorstel bv. 'n styging. Hulle sal ekonomiese winste (abnormale winste) realiseer ✓✓
- Ander mededingers sal ook hul pryse verhoog ✓✓

**OF**

- Die dominante firma sal pryse verlaag, wat kliënte weglok van ander firmas in die mark ✓✓
- Ander mededingers sal pryse verlaag om nie hul markaandeel te verloor nie ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 20
PRIVATE BAG X110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

4.3.4 **Neem aan dat die huidige verkoopprys R90 is. Verduidelik hoekom hierdie besigheid nie pryse sal verlaag om verkope te verbeter nie.**

- Onder die prys van R90, sien die firmas die vraagkurwe as relatief prysonelasties. Die firma dink dat indien die prys van sy produk verminder word, ander besighede sy voorbeeld as volg ✓✓
- Die gevolg sal wees dat al die ander firmas 'n klein bietjie meer produkte sal verkoop, maar hulle sal nie langer teen winsmaksimeringspunt produseer nie ✓✓
- Indien die firma sy prys verminder tot R50 gaan die totale inkome R9 500 wees (50 x 190) in vergelyking met oorspronklike inkome van R13 500 (90 x 150)✓✓ Die firma maak 'n verlies van R4 000✓✓ (2 x 2) (4)

4.4 **Verduidelik *omgewingsbelastings* en *bemarkbare permitte* as aansporingstrategieë om omgewingsvolhoubarheid te bereik.**

**Hef omgewingsbelasting**

- Omgewingsbelastings is belasting wat gehef word op die uitset van goedere wat 'n eksterne omgewingskoste (besoedeling) meebring ✓✓
- Hierdie belasting word groenbelasting / ekobelasting genoem ✓✓
- Koolstofdioksied van wynmakerye en voertuigbande word belas ✓✓
- Die belastingkoers is gelyk aan eksterne marginale koste ✓✓ (2 x 2) (4)

**Bemarkbare permitte**


- Die owerheid gee aan elke besigheid 'n lisensie om te besoedel tot 'n sekere vlak ✓✓
- Besighede kan hul lisensies aan ander besighede verkoop ✓✓
- In Suid-Afrika word bemarkbare permitte deur die Departement van Minerale en Energie toegeken ✓✓ (2 x 2) (4) (8)

DEPARTMENT OF EDUCATION
2014 -11- 20
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

4.5 **Wat is die effek van die implementering van minimum lone in Suid-Afrika?**

- Die mark misluk om redelike verhoging in salarisse aan mense te betaal, waar daar nie 'n sterk genoeg bedingingsposisie met werkgewers bestaan nie ✓✓
- Daarom is hulle nie in staat om reële loonstygings te verseker nie. Hul lone bly laag en is onbillik ✓✓
- 'n Minimumloon sal die loonkoers verhoog, alhoewel minder werkers in die arbeidsmark benodig (aangevra) sal word (ooraanbod) ✓✓
- Dit sal lei tot 'n styging in werkloosheid ✓✓
- Voorbeelde van werkers waarop minimumlone van toepassing is: plaaswerkers, huiswerkers ✓✓ (Enige 4 x 2)

**GRAFIEK:**




**Puntetoekenning vir grafiek**

- **Benoeming van asse ✓ elk**
- **Ewewigsloon ✓**
- **Vraag- en aanbodkurwes ✓ elk**
- **Styging in loonkoers ✓**
- **Effek op die hoeveelheid gevra ✓**
- **Effek op hoeveelheid aangebied ✓**

**(Maks. 4)**

**BESPREKING:**

- Minimum loon verbeter die verspreiding van inkomste van W tot W1 ✓✓
- Alhoewel die hoeveelheid arbeid gevra sal daal van Q na Q1 ✓✓
- Die hoeveelheid arbeid aangebied sal styg van Q na Q2 ✓✓
- Dus sal 'n ooraanbod van arbeid (styging in werkloosheid) voorkom met 'n nuwe minimum loon by W1✓✓
  Aanvaar enige ander relevante argument. (Maks. 8) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 20
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL: | PUNTETOEKENNING: |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Liggaam:**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/ Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/Debatteer kortliks | Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking** | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 35 MINUTE**

**Onder volmaakte marktoestande word die markprys van produkte deur die wisselwerking tussen vraag en aanbod bepaal.**

- **Bespreek volmaakte mededinging onder die volgende hoofde:**
  - → **'n Vergelyking van die vraagkurwe van die individuele produsent en nywerheid**
  - → **Winsmaksimering**

  **Maak gebruik van grafieke om jou bespreking te ondersteun.** **(26)**
- **Na jou mening, bevorder die Wet op Mededinging in Suid-Afrika regverdige mededinging?** **(10)** **[40]**


DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 20
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## INLEIDING

'n Nywerheid bestaan uit al die firmas wat dieselfde produk produseer waar die uitset van die nywerheid gelyk is aan die som van die uitset van elke individuele firma ✓✓
Aanvaar enige ander relevante feit. **(Maks. 2)**

## INHOUD: HOOFDEEL


**Vraagkurwe vir die mark ✓**




**Puntetoekenning:**

| | |
|---|---|
| • Benoeming van asse | 1 punt |
| • Benoeming op asse | 1 punt |
| • Trek en benoeming van vraagkurwe | 1 punt |
| • Trek en benoeming van aanbodkurwe | 1 punt |
| • Aandui van ewewigspunt | 1 punt |
| • Opskrif | 1 punt |
| **Maks:** | **4 punte** |

**Vraagkurwe van 'n volmaakte mededinger ✓**




**Puntetoekenning:**


| | |
|---|---|
| • Benoeming van asse | 1 punt |
| • Benoeming op asse | 1 punt |
| • Aandui van oorsprong | 1 punt |
| • Trek en benoeming van vraagkurwe | 1 punt |
| • Opskrif | 1 punt |
| **Maks:** | **4 punte** |

- In 'n volmaak mededingende mark word die prys van 'n produk bepaal deur die interaksie tussen markvraag en markaanbod vir die produk . ✓✓
- Die markvraagkurwe word deur VV voorgestel wat afwaarts neig en die aanbodkurwe (AA) wat opwaarts neig . ✓✓
- As gevolg van die interaksie tussen markvraag en markaanbod, kom die ewewig tot stand by P1. ✓✓
- Hierdie prys word verleng na die grafiek van die individuele produsent as 'n prysnemer ✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 20
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## 2. Winsmaksimering

### Marginale koste/marginale inkomstebenadering





**Puntetoekenning:**

| | |
|---|---|
| • Toepaslike opskrif | 1 punt |
| • Benoeming op asse | 1 punt |
| • Trek en benoem van kurwes | 1 punt elk |
| • Aandui van ewewig (MI = MK) | 1 punt |
| • Aandui waar MI > MK | 1 punt |
| • Aandui van area waar MI<MK | 1 punt |
| | **Maks 4 punte** |

- Die firma produseer maksimum winste as dié hoeveelheid geproduseer word waar marginale inkomste gelyk is aan marginale koste (MI=MK)✓✓
- Solank marginale inkomste groter is marginale koste is, dra marginale inkomste by tot totale winste ✓✓
- By die produksie van 'n ekstra eenheid, verkry (wen) die produsent 'n ekstra eenheid en sy winste styg meer as die koste van produksie. MI > MK: winste styg ✓✓
- As die marginale inkomste kleiner as die marginale koste is, sal totale winste daal ✓✓
- Dit kos die firma meer om 'n ekstra eenheid te produseer as dit wat hy verkry uit die verkope daarvan; dit is dus nie in sy belang om die ekstra eenheid te produseer nie ✓✓
- MI<MK: winste daal ✓✓
- As die marginale koste van produksie van die ekstra eenheid hoër is as die marginale inkomste ontvang, maak die firma 'n verlies ✓✓
- Vir die produsent om winste te maksimeer, behoort produksie uitgebrei te word tot by die punt waar marginale inkomste gelyk is aan marginale koste ✓✓

DEPARTMENT OF EDUCATION
2014 -11- 20
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**Totale koste/Totale-inkomstebenadering**




DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 20
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**Puntetoekenning**

- Benoeming van asse — 1 punt
- Benoeming op asse — 1 punt
- Posisie en benoeming van totale koste — 1 punt
- Posisie en benoeming van totale inkomste — 1 punt
- Korrekte aandui van maksimum inkomste — 1 punt

**Maksimum 4 punte**

- Die firma sal maksimum wins behaal waar die verskil tussen totale inkomste en totale koste op sy grootste is – (a-b) op die grafiek ✓✓
- Die firma sal gelykbreek by die snydingspunte van TI = TK ✓✓
- Die firma begin winste genereer as hy produseer of uitset verhoog regs van gelykbreekpunt A ✓✓
- Enige uitset verby (regs van gelykbreek punt B) sal 'n verlies meebring; totale koste sal hoër as totale inkomste wees ✓✓
- As die firma tot by punt e produseer (die piek van totale inkomste) sal hy steeds winste maak – alhoewel nie maksimum wins nie ✓✓
- Dié firma is dus 'n verkoopmaksimeerder ✓✓
- As die firma maksimumuitset wil realiseer, moet hy produseer by punt a ✓✓
- Hierdie firma is dus 'n winsmaksimeerder. ✓✓

Kandidate moet bevoordeel word indien hulle tabelle gebruik in die bespreking.

Bespreking maks. 14 punte

Maks. 26 punte

**ADDISIONELE DEEL**

**Ja** ✓

**Argumente ten gunste:**

- Die doel van die Wet op Mededinging is om die doeltreffendheid van die mark te verhoog ✓✓
- Verbeter gelykheid in markte deur mense wat voorheen benadeel was in hul deelname in die ekonomie toegang te verseker ✓✓
- Bydrae tot ontwikkelingsdoelwitte ✓✓
- Voorsien verbruikers van kompeterende pryse en produkkeuses ✓✓
- Verseker dat klein- en mediumgrootte ondernemings 'n gelyke geleentheid tot deelname in die ekonomie het ✓✓
- Bevorder die verspreiding van eienaarskap ✓✓

- **Drie instellings is geskep om hierdie doelwitte te verwesenlik.**
  - Mededingingskommissie: ✓ om te ondersoek, beheer en evalueer van beperkende sakepraktyke ✓✓ misbruik van dominante posisies en oornames om gelykheid en doeltreffendheid in die Suid-Afrikaanse ekonomie te verkry ✓✓
  - Mededingingstribunaal: ✓ keur uitsonderings goed, goedkeuring of verbod op groot samesmeltings, beoordeel, gee uitsprake oor sake wat deur die Kommissie verwys is ✓✓
  - Mededingingsappelhof: ✓ oorweeg enige appel of hersien 'n besluit van die Mededingingskommissie; ✓✓ bevestig, pas aan of verwerp 'n besluit geneem deur die Mededingingstribunaal ✓✓ bevestig 'n order vir die disinvestering van bates of partye wat saamgesmelt het sonder om aan die Wet te voldoen ✓✓

- **Voorbeelde van gevalle wat deur die Mededingingskommissie en/of Mededingingstribunaal of Appèlhof ondersoek is.**
  - BMW ✓ – oormatige hoë pryse ✓✓ (uitkoms: boete) ✓✓
  - Bandebedryf ✓ – samespanning tussen bandevervaardigers ✓✓
  - Konstruksiebedryf ✓ – samespanning by bie van pryse vir bou van stadions in 2010 ✓✓ (uitkoms: boete) ✓✓
  - Brood (Tiger Brands) ✓ Samespanning deur broodmaatskappye om saam te span oor pryse ✓✓ (uitkoms: boete ✓✓
  - Selfoonmaatskappye ✓ (koerse) sowel as interkonneksiekoerse ✓✓ (uitkoms verminder interkonneksiefooie oor 'n paar jare) ✓✓
  - Telkom✓ – monopoliseer kommunikasietorings ✓✓ (uitkoms: boete) ✓✓

- **Effek van hierdie ondersoeke:**
  - Installeer goeie sakepraktyk, geblokkeer vir ander maatskappye wat ander onvanpaste sakepraktyk wou toepas ✓✓
  - (Aanvaar enige ander relevante voorbeeld)
  - Enige sake ondersoek deur die Mededingingskommissie. Die kandidaat moes die partye betrokke noem en die uitkoms van so 'n ondersoek.
    **Indien sake slegs genome is sonder enige bespreking: (Maks. 5)**

**(Maks. 10)**

## GEVOLGTREKKING

Enige relevante hoë orde gevolgtrekking wat die volgende behoort in te sluit:
- 'n Opsomming van wat bespreek is in die liggaam sonder om enige feite te herhaal.
- 'n Eie opinie of waarde oordeel op die feite bespreek /
- Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking te ondersteun /
- 'n Teenstrydige uitgangspunt met motivering /
- Aanbevelings.

Bv. Dit is van kritieke belang om die markmeganisme van aanbod en vraag te beskerm deur die toepassing van regverdige en lewendige mededinging in die ekonomie, daarom kan die rol van die Wet op Mededinging nie onderskat word nie.
Enige relevante gevolgtrekking..

**(Maks. 2)** **[40]**

ARTMENT O
EDUCATIO
2014 -11- 20
PRIVATE BA
PRETORI
BLIC EXA

## VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 35 MINUTE

**Inflasie is 'n verskynsel waarmee baie lande wêreldwyd gekonfronteer word.**

- **Ondersoek in besonderhede die oorsake van koste-druk-inflasie. (26)**
- **Was Suid-Afrika se inflasieteiken-beleid voordelig vir die ekonomie? Motiveer jou antwoord. (10) [40]**

**INLEIDING**

Inflasie 'n volgehoue en aansienlike styging in die algemene prysvlak oor 'n sekere tydperk en 'n gelyktydige daling in die koopkrag van geld ✓✓
Aanvaar enige ander relevante inleiding. **(Maks. 2)**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 20
PRIVATE BAG X 11
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**INHOUD: HOOFDEEL**

**Oorsake van kostedrukinflasie**

- **<u>Loonstygings</u>:** ✓
  - In Suid-Afrika beslaan 'n styging in lone uit meer as 50% van die Bruto Waarde Toegevoeg teen basiese pryse ✓✓
  - As die toename in lone nie gepaard gaan met 'n styging in produksie nie, sal die produksiekoste styg ✓✓
  - Produsente sal die pryse van hul produkte verhoog om die hoër produksiekoste te dek ✓✓
  - Stakings en wegbly-aksies / werkers-unie aktiwiteite✓✓

- **<u>Sleutelinsette</u>/styging in pryse van ingevoerde kapitaalgoedere** ✓
  - As die pryse van sleutelinsette wat ingevoer word, styg sal die plaaslike produksiekoste styg veral in die vervaardigingsektor ✓✓

- **<u>Wisselkoersdepresiasie</u>** ✓
  - 'n Daling in die waarde van die rand sal lei tot 'n styging in die pryse van invoere ✓✓

- **<u>Winsgrense</u>** ✓
  - Wanneer besighede hul winsgrense opstoot sal die pryse wat verbruikers moet betaal, ook styg ✓✓
  - Somtyds gebruik besighede hul markkrag om pryse te verhoog ✓✓

- **<u>Produktiwiteit</u>** ✓
  - Minder produktiewe produksiefaktore sal lei tot verhoogde koste per eenheid ✓✓
  - Stakings en wegbly-aksies verminder dikwels produksie-uitset en kan lei tot prysstygings ✓✓

- **<u>Natuurrampe</u>** ✓
  - Natuurrampe soos droogtes, vloede en aardverwarming het 'n impak op produksiekoste ✓✓
  - Dit is dikwels die geval met voedselpryse ✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X 110

- **Rentekoerse** ✓
  - 'n Styging in rentekoerse lei tot besighede wat meer geld moet betaal vir geleende kapitaal ✓✓
  - Besighede verhaal hierdie koste deur pryse van hul produkte te verhoog ✓✓
- **Styging in belasting** ✓
  - 'n Styging in direkte belasting soos maatskappye- of inkomstebelasting mag lei tot verhoogde pryse deur besighede om die ekstra las uit te balanseer ✓✓
  - 'n Styging in indirekte belasting soos doeanebelasting sal lei tot 'n styging in koste in die verskaffing van 'n bepaalde produk; dis die rede waarom die prys sal styg ✓✓
- Styging in geadministreerde pryse ✓ bv. brandstofpryse✓✓
- Winkeldiefstal en verliese ✓ veroorsaak deur werknemers moet by die pryse van produksie bygevoeg word ✓✓

Aanvaar enige relevante feit. Maksimum 8 punte per opskrifte. **(Maks. 26)**

**INHOUD: ADDISIONELE DEEL**

**JA/NEE** ✓

- Inflasiemikpunte: wanneer 'n bepaalde persentasie op 'n aanvaarbare vlak gestel word vir 'n styging in die algemene prysvlakke ✓✓
- SARB se inflasieteiken wissel tussen 3 – 6% ✓✓
- Die doelwit met die inflasieteiken beleid is om prysstabiliteit te bereik en vol te hou ✓✓
- Die implementering van die inflasieteikens is maklik om te verstaan - uitgedruk in getalle wat dit baie duidelik en deursigtig maak✓✓
- Dit verminder onsekerheid en bevorder goeie beplanning in die openbare en privaat sektor ✓✓
- Dit voorsien 'n eksplisiete maatstaf wat monetêre dissipline bevorder en die verantwoordbaarheid van die sentrale bank verbeter ✓✓
- SARB maak gebruik van monetêre beleid, spesifiek die repokoers om inflasie binne die teikengebied te hou ✓✓
- Die staat maak gebruik van fiskale beleid rakende owerheidsektor inkome en besteding ✓✓

**Positiewe effek**

- Indien die vraag hoër as die aanbod is, sal verhoogde rentekoerse help om die vraag te verlaag ✓✓
- Dié beleid kan besighede help om ekonomiese planne te maak sonder om oor die effek van hoë inflasie bekommerd te wees ✓✓
- Suid-Afrika se prysvlak was tot dusver redelik stabiele, sedert die instelling van die inflasieteiken-beleid in 2000 ✓✓

**Negatiewe effek**

- Inflasieteikens kan 'n verlaging in ekonomiese groei meebring ✓✓
- Dis te wyte aan verhoogde rentekoerse wat tot 'n afname in totale besteding gelei het wat nodig is vir verhoogde produksie ✓✓
- Dalende ekonomiese groei kan werkloosheid verhoog ✓✓
- Suid-Afrika beleef stygende werkloosheid sedert die implementering van die beleid in 2000 ✓✓
- Inflasieteikens is moeilik om te implementeer as die oorsaak van inflasie voorraadskokke is. ✓✓

**(Maks. 10)**

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

## GEVOLGTREKKING

Enige relevante hoë orde gevolgtrekking wat die volgende behoort in te sluit:

- 'n Opsomming van wat bespreek is in die liggaam sonder om enige feite te herhaal.
- 'n Eie opinie of waarde oordeel op die feite bespreek /
- Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking te ondersteun /
- 'n Teenstrydige uitgangspunt met motivering /
- Aanbevelings

Bv. Inflasie kan 'n bedreiging wees vir die normale funksionering van die ekonomie. Daarom is monetêre- en fiskale maatreëls noodsaaklik om hierdie fenomeen te beheer. ✓✓
Enige ander relevante gevolgtrekking. **(Maks. 2)** **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 20
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

Kopiereg voorbehou